

## Dinsdag 24 Mei

**Skrifgedeelte: Hebreërs 7:1-3; 7:23-28**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 7:25 (1933/53- en 1983-vertaling)**

**Ons Verlosser moes ook ewige God bly om altyd/ewig vir ons by God te kan intree (vgl. Art. 10 NGB)**

Toe Jesus met sy geboorte uit 'n vrou (dus mens) die menslike natuur aangeneem het, het Hy egter tegelykertyd steeds die Seun van God (dus God) gebly. Daarom is die offer wat Hy vir ons sonde bring, eenmalig en volkome en so geheel anders as die offers wat die Levitiese hoëpriesters dag na dag moes herhaal.

Die Levitiese priesters was sterflik en het doodgegaan, daarom was daar baie wat mekaar opgevolg het. Jesus lewe egter ewig, en beklee 'n priesterskap wat nie op ander oorgedra hoef te word nie. “Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree (vs 25) ... Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is ... (vs 26) ... die Seun as ewige en volmaakte Hoëpriester (vs 28).”

Teenoor ons tydelikheid as mense, met al die gepaardgaande tekortkominge waarvan ons elke dag maar wéér en wéér bewus word, skitter God se ewigheid hier as die ewige Lig wat deur geen donkerte in ons lewens oorweldig kan word nie. Sy Seun is elke oomblik besig om vir ons in te tree ... ook vandag op hierdie dalk donker dag.

*Sing: Skrifberyming 3-2*

*Ds. D (Dirk) Laufs (Emeritus)*